

IN THE SUPREME COURT OF SOUTH AFRICA
(TRANSVAAL PROVINCIAL DIVISION)

In the matter between:

THE STATE

v

1. THELLE SIMON MOGOERANE
2. JERRY SEMANO MOSOLOLI
3. THABO MARCUS MOTAUNG

ACCUSED 1, 2 and 3 sentenced to death by
the Hon. Mr Justice CURLEWIS (and two
ASSESSORS) at PRETORIA on 6 AUGUST 1982
for the crime of HIGH TREASON.

VOLUME 8

Pages 697 - 774(a)

VOLUME 8

BOE HERTVOT OP 26 JULIE

PETER VAN WYK, v.o.s.

Page

P. Van Wyk	697 - 703
A.C. Kendall	703 - 708
J.A. Dos Santos	708 - 711
M. Mangwane	711 - 713
F.J.P. Nel	713 - 722
H.T. Baker	723 - 725
L.P.A. Ras	725 - 727
J.S. Mosololi (Beskuldigde 2)	727 - 768
Discussions	768 - 769
F.J.P. Nel (Herroep)	769 - 770
Judgment - (Trial-within-a-trial re Accused No. 2.).....	771 - 774(a)

Wat het gebeur? -- Op die omland het ons by 'n gat aangekom wat in die grond was. Ek het toe ingegaan en daarbinne was 'n man gewees. Hy het toe gesê "Vag, ek kom." Ek het uitgegaan en by het uitgekro. Toe hy uitgekro het hy op sy hande en sy knieë uitgekro? -- Ek het hom gevra ek het op die grond vasgedruk en vasgeboei. (20)

Het u hom met geweld gevra? -- Dit is korrek.

Hoekom het u hom so gegryp? Was u vir enigiets bang? --

Na aanleiding van die gade het ek gesê ek dat dit moontlik terro-riste kon wees en ek was daar versigtig gewees. Ons het hom op die grond vasgedruk en hom daar aangehou. Ek het die ander lede toe w'ordon op die gat laat trek.

Nadat u hom gevang het? -- Dit is reg, nadat hy geboei is.

Wat het u met hom gesê nadat u hom geboei het? -- Ek het vir hom gevra wat maak hy hier. (21)

Het hy vir u seker antwoord gegee? -- Hy het vir my (30)

antwoord gegee.

HOF HERVAT OP 26 JULIE 1982.

PIETER VAN WYK, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U is 'n konstabel in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Hammanskraal? -- Dit is korrek.

Op 28 Desember 1981 die oggend ongeveer 12h30 het u 'n berig ontvang van mev. Potgieter en 'n sekere Samson Mahlaola? -- Dit is korrek.

As gevolg daarvan het u en 'n afdeling manne onder u bevel Samson vergesel? -- Dit is korrek. (10)

Het hy 'n punt vir julle gaan uitwys? -- Dit is reg.

Het julle toe daar op die plaas van mnr. Rens in Hammanskraal aangekom, by die eiland? -- Dit is reg.

Kan u vir die Hof vertel toe u nou daar by die eiland kom wat het gebeur? -- Op die eiland het ons by 'n gat aangekom wat in die grond was. Ek het toe ingegaan en daarbinne was 'n man gewees. Hy het toe gesê "Wag, ek kom." Ek het uitgegaan en hy het uitgekóm. Toe hy uitkom het hy op sy hande en sy knieë uitgekóm? -- Ek het hom gevat en hom op die grond vasgedruk en vasgeboei. (20)

Het u hom met geweld gevat? -- Dit is korrek.

Hoekom het u hom so gegryp? Was u vir enigiets bang? -- Na aanleiding van die gate het ek gemerk dat dit moontlik terro-riste kon wees en ek was maar versigtig gewees. Ons het hom op die grond vasgedruk en hom daar aangehou. Ek het die ander lede toe 'n kordon om die gat laat trek.

Nadat u hom gevang het? -- Dit is reg, nadat hy geboei is.

Wat het u met hom gemaak nadat u hom geboei het? -- Ek het vir hom gevra wat maak hy hierso.

Het hy vir u 'n sekere antwoord gegee? -- Hy het vir my 'n antwoord gegee.

Daarna? -- Daarna het ek hom op sy maag laat lê en hom aangehou. Terwyl ons daar besig was om te kyk wat binne aangaan ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Hoe bedoel u wat binne ingaan? Het u weer in die gat ingegaan? -- Ons het toe weer in die gat ingegaan en gaan kyk en uitgekom. Terwyl ons buite nog besig was, het een van die getuies van die Staat met beskuldigde nr. 1 daar aangekom.

Is dit een van jou manskappe wat jy uitgeplaas het? -- Dit is reg.

Gololo? -- Dit is reg. Ons het hom toe ook daar aangehou. Ons het toe een van die lede gestuur om die stasiebevoerder te kontak en hy het toe die nodige verdere stappe gedoen.

In die tussentyd solank u gewag het vir die mense om te kom, het u die goed begin uithaal uit die gat uit? -- Dit is reg.

Waar was beide beskuldiges terwyl u besig was om die goed uit te haal? -- Hulle het langs die gat op hulle mae gelê.

Op 'n stadium, wie het toe eerste daar aangekom van die veiligheidspolisie? -- Ek is nie heeltemal seker nie. Ek dink dit was majoor Nel en kaptein Visser gewees.

Kan u onthou wie van hulle het eerste daar gekom? -- (20) Ek kan nie so onthou nie.

Op die stadium toe jy nou daar gewees het met die beskuldigde, het jy hom ooit aangerand om enigiets te sê of te doen? -- Nee.

Enige van die twee beskuldiges? -- Glad nie.

Toe majoor Nel of kaptein Visser daar aangekom het, toe die veiligheidspolisie op die toneel gekom het, kan u onthou is enige van die beskuldiges toe aangerand of enigiets gedoen aan hulle? -- Nee, nie in my teenwoordigheid nie.

Was u nog daar? -- Ja. (30)

Toe beskuldigde nr. 2 weggegaan het om iets te gaan uitwys, ... / was

was u toe nog daar gewees? -- Ja, ek het by die - nee, ek het toe vertrek om te gaan sakke haal om die vullis in te gooi wat die veiligheidspolisie wou gehad het.

Was daar enige honde op die toneel die dag? -- Daar was honde.

Wanneer het hulle daar aangekom? Kan u onthou? -- Ek is nie baie seker nie, maar hulle het na die veiligheidspolisie aangekom.

Kan u onthou wat het met die honde gebeur daar? -- Hulle het maar net daar gepatrolleer op die eiland. (10)

Was hulle by die gat of was hulle weg van die gat? -- Hulle het rondom die gat beweeg, maar hulle was nie naby of by die gat gewees nie.

CROSS-EXAMINATION BY MR UNTERHALTER : Constable, you remember my putting questions to you last time that you were in the box? -- Dit is reg, ja.

And you remember giving certain answers? -- Dit is reg.

Do you repeat the answers to the questions that I put to you last time? In other words, whatever I said last time, do you give the same answers today? -- Ja. (20)

I want to read to you from what you said at page 273 of the record when describing what happened when accused no. 2 came out of that hole in the ground. The question was put "Toe hy nou uitgekome het, wat het toe gebeur?" "Hy het op sy hande en sy knieë uitgekome. Ek het hom vasgegryp en hom geboei en begin ondervra." You remember saying that last time? -- Dit is reg, ja.

You notice it is a little different to what you have said this time, namely that "op die grond gevat", suggesting that it was a different kind of attack? (30)

MNR. JACOBS : Die getuie het gesê hy het op sy knieë en hande

... / uitgekome

uitgekom.

HOF : Daar is 'n verskil in die woorde. U kan argumenteer of dit belangrik is of nie, maar die woorde is verskillend. Is daar iets waarop u kommentaar wil lewer? Daar het u gesê u het hom gegryp, gevat en geboei. Hier het u gesê u het hom gevat en op die grond vasgedruk en geboei. -- Dit is reg. Dit kom op dieselfde neer. Ek het hom uit die gat gevat en vasgedruk en geboei.

MR UNTERHALTER : When you pressed him down, just describe it, what happened? -- Hy het op sy hande en sy knieë uitgekom. (10) Toe het ek hom gevat en hom op die grond gedruk, so op sy skouers gedruk en sy hande agter sy rug vasgeboei.

You will appreciate from what you have just said it is different from what you told us last time. In other words, you did not speak about "gedruk"? -- Dit is nou net nie in dieselfde detail beskryf as laas keer nie.

Did any conversation take place between you and Major Nel or Captain Visser about your arrest of accused no. 2? -- Kan die vraag net vertaal word, asseblief?

HOF : Met ander woorde, toe kaptein Visser daar aangekom het (20) of majoor Nel, het enigeen vir u gevra omtrent die arrestasie van beskuldigde nr. 2, in besonder sy besering op sy mond? -- Dit is reg, ja.

Wat het gebeur? -- Kaptein Visser het aan my gevra wat het die man se lip - wat makeer sy lip. Ek het toe aan kaptein Visser gesê ek het die man toe hy uit die gat gekom het met geweld op die grond gedruk en hom vasgeboei en hy het die besering daar opgedoen.

MR UNTERHALTER : When you made that report, where was accused no. 2? -- Hy was in ons teenwoordigheid gewees. (30)

HOF : Hy het dit nie gehoor nie? -- Hy moes dit gehoor het.

... / Maar

Maar jy het nie gesien in watter rigting hy gekyk het toe u 'n gesprek met kaptein Visser en majoor Nel gevoer het nie? -- Nee.

MR UNTERHALTER : You spoke in the Afrikaans language? -- Dit is reg.

When you gave your statement originally to the police, that is before you came into court, did you say in that statement that you pressed the accused's face down into the ground? -- Ek kan my verklaring nie so goed onthou nie, maar ek reken ek het melding gemaak daarvan. (10)

HOF : Het u onder die indruk verkeer dat dit nou die oorsaak was van die wond op die mond? -- Ja.

Al die tyd? -- Dit is reg.

MR UNTERHALTER : I put it to you last time, I will just repeat it, accused no. 2 says he got the swelling of the lip because you struck him in the mouth with your fist? -- Ek ontken dit.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Toe u die beskuldigde gevra het wat hy daar maak, watter taal het u met hom gepraat? -- Ek het van 'n tolk gebruik gemaak.

GEEN VERDERE VRAE. (20)

MASHIBATO HENDRIK GOLOLO; v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U is 'n konstabel in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Hammanskraal? -- Dit is so.

Op 28 Desember 1981 het jy die vorige getuie, mnr. Van Wyk, vergesel saam met ander lede van die Mag daar na die plaas waar die eiland is in die Apiesrivier? -- Dit is so.

Het julle daar gekom waar die gat in die grond is op die eiland? -- Dit is so.

Wat het daar by die gat gebeur? -- Op aankoms by die gat het konstabel Van Wyk by die mond van die gat gesê "Kom uit, (30) kom uit, voordat ons jou skiet." Konstabel Van Wyk het toe

begin ingaan en toe hy dit doen, het iemand van binnekant af gesê "Wag, ek kom." Hy het toe uitgekom uit die gat uit. Hy is toe geboei.

Hoe is hy geboei? Kan jy vir ons beskryf? -- Hy het van binne-in die gat uitgekom na buite toe en toe hy buitekant kom, is hy geboei.

Het enigiemand hom daar geslaan of iets gesê aan hom? -- Ek het nie gesien dat enige persoon vir hom geslaan het nie.

Dit was beskuldigde nr. 2 wat uit die gat gekom het? -- Ja, dit was beskuldigde nr. 2 gewees. (10)

Is julle toe uitgeplaas rondom die gat vir beskerming, al die lede van die Mag, behalwe mnr. Van Wyk hulle en dié mense? -- Dit is so.

Het jy lateraan vir beskuldigde nr. 1 ook daar gearresteer en hom na die gat toe gebring? -- Dit is korrek.

Nadat jy hom daar gebring het, het jy daar gebly of is jy weer uit? -- Ek is toe weer terug na my punt toe, waar ek gestaan het.

Toe die veiligheidspolisie op die toneel kom, het jy nog daar gebly of het jy teruggekom na die gat toe? -- Ek het bly staan waar ek gepos was.

Waar jy gestaan het, kon jy die gat sien of nie? -- Die gat self kon ek nie sien nie.

En mense wat om die gat gestaan het en die beskuldigdes wat daar was? -- Nee.

CROSS-EXAMINATION BY MR UNTERHALTER : When you were at that hole what we have called the base, you were close to Constable Van Wyk, were you? -- Yes, it is so.

And you saw the second accused coming out of the hole? -- Yes, I did. (30)

And you had a full opportunity of observing all his movements

... / as / not

as he came out of the hole? -- No.

What prevented your seeing what was taking place? You were standing next to Constable Van Wyk as accused no. 2 comes out of the hole? -- No, what I mean is, his movements inside the base, I could not see. I only saw him when he started emerging from the hole.

I accept that of course. You could not see through the earth, but as he came out of the hole, you had a full opportunity of observing everything that was taking place? -- Yes.

And you observed Constable Van Wyk arrest him? -- Yes. (10)

And all that you observed in connection with the arrest was that Constable Van Wyk handcuffed him? -- Yes.

Nothing else that you can tell us? -- No.

Because you see I did put to you last time and you agreed with me, I said you did not see accused no. 2 so to speak seized by Van Wyk and slammed at in such a way that his mouth was injured and you said no. -- I did not see that actually. I only saw him handcuff him.

If it had taken place, you must have seen it? -- I could, yes. (20) (20)

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

ABRAHAM CHRISTOFFEL KENDALL, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U is 'n kaptein in die Suid-Afrikaanse Polisie en was in Desember 1981 verbonde aan die veiligheidstak hier in Pretoria, Kompol? -- Dit is reg.

Op 28 Desember 1981 het u kaptein Visser vergesel na Hammanskraal? -- Dit is reg.

Wie was nog saam? -- Adjudant-offisier Dos Santos.

Het u ook daar aangeland uiteindelik by die eiland (30) (30) waar die gat in die grond gevind was en al hierdie dinge saam

... / met

met kaptein Visser? -- Dit is reg.

Toe u nou daar by die eiland aankom by die gat, by die basis, wat het toe gebeur? Wie was die senior man onder julle? -- Kaptein Visser was die senior offisier. Hy het beheer oorgeneem toe ons by die basis gekom het. Hy het gekonsulteer daar met die lede. Ek het na die gat self toe gegaan en gaan kyk wat daar aangaan.

Terwyl Visser konsulteer met wie? -- 'n Lid daar op die toneel.

Mnr. Van Wyk? -- Dit is konstabel Van Wyk. (10)

Hierdie lang groot kêrel? -- Dit is reg.

En toe? -- Toe het kaptein Visser gesê ons moet saam met hom gaan. Hy het beskuldigde nr. 1 gevat vir ondervraging.

Jy en wie is saam met hulle? -- 'n adjutant-offisier Dos Santos.

Vir watter doel is julle saam? -- Vir bewaking.

Nadat julle met beskuldigde nr. 1 gepraat het, ons is meer geïnteresseerd in die bewegings van beskuldigde nr. 2, en met hom teruggekem het, wat gebeur toe? -- Toe het kaptein Visser vir beskuldigde nr. 2 gevat en ook 'n ent met hom gestap. (20)

Ons was saam met hom gewees. Hy het gesê daar mag nog mense in die bosse wees, dat ons moet uitsprei en ek het op sy linkerflank en adjutant-offisier Dos Santos op die regterflank posisie gaan inneem.

Hoe ver vanwaar kaptein Visser en beskuldigde nr. 2 tot stilstand gekem het, het julle posisies ingeneem op die flanke? -- Ek is nie so seker nie, tien na twintig treë. Dit mag miskien minder wees, maar dit was buite hoorafstand.

Kon u hulle gesien het daarso? -- Ja-nee, baie duidelik.

Watter posisie het hulle ingeneem daar? -- Hulle het (30) gehurk gesit terwyl hulle gesels het.

Hoe het hulle gesit? Gesigte na mekaar of hoe? -- Ja, hulle het met hulle gesite na mekaar toe gesit.

HOF : Terwyl julle twee op die flanke gestaan het en hierdie twee daar gehurk het, ek dink beskuldigde nr. 2 maak 'n bewering dat by daardie geleentheid is daar 'n plastiese sak oor sy kop gesit, 'n nat plastiese sak. Het jy so iets gesien? -- Nee.

MNR. JACOBS : Het so iets ooit daar gebeur? -- Nee.

HOF : In elk geval, toe julle daar klaar was? -- Beskuldigde nr. 2 het voor kaptein Visser gestap. Hy het hom aan sy boeie vasgehou. Hulle het na 'n sekere punt toe gestap en daar het (10) hulle weer gestop. Ons het dieselfde afstand van hulle af gehou. Toe het hulle omgedraai en na die rivier se kant toe beweeg. Daar het hy weer 'n punt uitgewys.

MNR. JACOBS : Watter punt was dit toe? -- Dit is waar die swart plastiese sakke en goed gevind is met die wapens.

HOF : Is Kendall daar agtergelaat?

MNR. JACOBS : Hy is Kendall.

HOF : Verskoon my, u is Kendall. -- Dit is reg. Ek is toe daar agtergelos. Ek het 'n geruime tyd daar gewag.

MNR. JACOBS : Later het majoor Nel toe weer met een van (20) die beskuldigdes daar aangekom? -- Het majoor Nel met beskuldigde nr. 2 daar aangekom.

En kaptein Visser ook? -- Kaptein Visser en die fotograaf.

In u teenwoordigheid, was beskuldigde nr. 2 ooit aangerand gewees, hetsy deur mnr. Visser, of enige ander persoon in u teenwoordigheid in die tyd wat u daar was? -- Nee.

CROSS-EXAMINATION BY MR UNTERHALTER : Captain, you remember giving evidence last time in this court in connection with this matter? -- Dit is reg.

You remember your describing that accused no. 2 was (30) asked and he gave certain information? -- Ek het nie die informasie

direk gehoor nie.

No, I am not suggesting it was given to you, but that information was given.

COURT : I do not know. What is his words?

MR UNTERHALTER : Let me just read it to you.

COURT : What time are you talking about?

MR UNTERHALTER : Page 393 "Beskuldigde nr. 1 is by die ander lede gelaat en u het gesê dat beskuldigde nr. 2 toe gesprek is?" "Dit is korrek." "Het hy sekere inligting verskaf?" "Ja, hy het inligting verskaf." "Toe hy gevra was en die (10) inligting verskaf het, was hy aangerand gewees?" "Nee." So, you gave evidence that accused no. 2 gave information? -- Ek is nou nie baie seker nie, maar wat ek daar bedoel het, is die vraag was ook aan my gestel of kaptein Visser beskuldigde nr. 2 volgens Regtersreëls gewaarsku het. Kaptein Visser het vir ons gesê dat die man gesê het daar mag nog mense in die bos nie - nie dat die man dit vir hom gesê het nie, maar kaptein Visser het die informasie vir ons gegee en ek het die afleiding gemaak dat hy dit by beskuldigde nr. 2 gehoor het.

You did not qualify it last time by saying that "I got(20) this information given to me by Captain Visser"? Correct?

HOF: Laas toe u gelei was deur mnr. Jacobs het u nie gesê "Ek het daardie gekry van Visser" nie? -- Nee, dit is dan korrek.

MR UNTERHALTER : Was this an oversight on your part, because the evidence as you gave last time seems to suggest that you knew directly that accused no. 2 had provided information? -- Ek is nie seker dat ek dit so gestel het dat ek dit direk van beskuldigde nr. 2 gehoor het nie.

Are we to understand from your evidence this time that while accused no. 2 was being questioned by Captain Visser (30) you were in the neighbourhood in order to guard Captain Visser

in case of attacks? -- Dit is reg.

That also was not given last time. What you did give is evidence of standing guard, this is at page 394, in effect when the pointings out and the search was taking place. -- Nee. Ek het van die begin af gesê terwyl kaptein Visser met beskuldigde nr. 2 was, het ons op die flanke gaan staan.

HOF : Dit is 'n kwessie van die vertolking van die verskillende passate.

MR UNTERHALTER : Because it is quite clear from what is said over here "Hoekom het julle so weg van hulle af gestap?" (10) "Kaptein Visser het gesê daar mag nog van die mense in die omgewing wees en dat ons nie in 'n bondel moet saam stap vir 'n moontlike aanval nie." This is all in connection with what took place when the pointings out commenced. -- Nee, dit was vandat ons daar gekom het wat kaptein Visser die man begin ondervra het.

You were at Compol when accused no. 2 was there? -- Ek het hom die aand daar gesien.

Did you ask him what his MK name was? -- Ek het nooit aan die ondervragings deelgeneem nie. (20)

HOF : Dit is die aand van die 28ste. Het u gevra? Dit is nie te sê dat u deelgeneem het aan die ondervraging nie. Die vraag is het jy hom te enige tyd gevra wat sy MK naam is? -- Nee, ek het hom nie gevra nie.

Is dit by Kompol? -- Dit was by Kompol, soos die vraag nou gelui het.

Het jy vir hom by die eiland gevra wat sy naam is, sy MK naam? -- Nee, ek het hom ook nie by die eiland gevra nie.

Het u hom nooit enigiets gevra nie? -- Nee. Kaptein Visser was in beheer. Ek was op die punt van verplasing. Ek wou (30) nie betrokke raak nie. Ek was net daar met hulpverlening.

... / MR UNTERHALTER

MR UNTERHALTER : And again at Compol, did you bring paper to accused no. 2 and tell him to write down everything? -- Nee.

COURT : Is this on the same night?

MR UNTERHALTER : The same night.

COURT : The night or the morning?

MR UNTERHALTER : The night of the 28th.

HOF : Jy sê jy het nie? -- Nee.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Geen vrae.

COURT : I take it you want your cross-examination there to stand also of the previous time? (10)

MR UNTERHALTER : That is so.

GEEN VERDERE VRAE.

JOSE ANTONIO DOS SANTOS, v.c.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U is 'n adjudant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Kompol. Is dit reg? -- Korrek.

Verbonde aan die veiligheidstak? -- Korrek.

Op 28 Desember 1981 was u saam met kaptein Visser en die vorige getuie kaptein Kendall na die eiland daar by Hammanskraal? -- Korrek. (20)

Toe u daar aangekom het saam met kaptein Visser, wie het bevel toe daar oorgeneem? -- Kaptein Visser het bevel oorgeneem.

Wat het toe gebeur? -- Ons het beskuldigdes nrs. 1 en 2 daar aangetref. Kaptein Visser het toe eerste met beskuldigde nr. 1 - hulle beide was vasgeboei op die toneel - weggegaan. Hy was met 'n tou vasgemaak en hy het hom weggevat van beskuldigde nr. 2 af. Hy het toe met beskuldigde nr. 1 gesels.

HOF : Waar was julle twee? -- Ons het op die flanke gedek. Ons het in die omgewing gestaan. Na hy met beskuldigde nr. 1 gesels het, het hy hom teruggebring na waar beskuldigde (30) nr. 2 was en toe vat hy beskuldigde nr. 2 'n entjie daarvanaf.

... / Hy

Hy was vasgeboei. Kaptein Visser het toe ... (Hof kom tussenbei)

Waar was julle toe? -- Ons was ook in die omgewing.

As flanke? -- As flanke. Dit is reg.

MNR. JACOBS : Daar op die punt waar hulle gekom het, kon jy hulle gesien het waar jy op die flank gestaan het, waar jy jou bevind het op die flankpunt? -- Vir die kaptein?

Ja? -- Dit is korrek.

Hoe het hulle daar opgetree? Het hulle gestaan daar of gesit of gelê? Wat is die posisie? -- Ek is nie 100% seker (10) nie. Ek dink beskuldigde nr. 2 het gekniel en die kaptein het by hom op sy hurke gesit.

Daarvanaf, wat het toe gebeur? -- Ons is toe eers in een rigting.

Hoe het julle in die rigting gegaan? -- Kaptein Visser het agter beskuldigde nr. 2 geloop en hom aan die boeie vasgehou, met kaptein Kendall aan die een kant en ek aan die ander kant. Ons het flanke gedien. Toe het ons by 'n punt gekom en daarna het ons weer omgedraai en teruggekeer na 'n ander punt toe waar daar wapens aan die kaptein uitgewys is deur (20) beskuldigde nr. 2.

HOF : Is u die persoon wat later die haak gaan haal het? -- Dit is korrek.

MNR. JACOBS : Nadat die wapens daar gevind was, het daar enigiemand van julle agtergebly daar by die wapens? -- Kaptein Kendall het agtergebly.

En uself ... -- Ek het die haak gaan haal.

Is u eers saam met hulle terug of het u sommer daarvanaf gegaan om die haak te gaan haal? -- Ek is eers saam terug.

Verstaan ek dan reg, het beskuldigde nr. 2 en kaptein (30) Visser teruggegaan en ... -- Ek is weër saam terug en toe direk

om die haak en die tou te gaan haal.

Terug na die basis toe? -- Dit is korrek.

En daar het u hulle agtergelaat? -- Dit is korrek.

Vandat u daar gekom het, sê u was beskuldigde nr. 1 eers weggeneem, toe is hy teruggebring en toe is beskuldigde nr. 2 geneem. In al die tyd wat kaptein Visser met beskuldigde nr. 2 daar gepraat het, waar julle hom gevolg het en as flank gedien het, was beskuldigde nr. 2 ooit aangerand deur kaptein Visser of enigiemand? -- Nee.

Was daar 'n plastiese sak ooit oor sy kop getrek? -- Nee.(10)

Was daar ooit iets aan hom gedoen wat u gesien het daarso wat nie reg was nie? -- Nee.

CROSS-EXAMINATION BY MR UNTERHALTER : Mr Dos Santos, accused no. 2 is going to give evidence that a plastic bag was placed over his head in order - on the island - to make him speak. Did you not see that? -- I did not see that.

He is going to give evidence also that he suffered electric shocks? -- I did not see that.

As far as the pointing out is concerned, he is going to say that he indicated after this a general direction in (20) which stuff might be found, but did not directly take anyone to the specific spot where the stuff was? -- The first time he took us to a certain spot, but he was not sure and then the second time he took us to the weapons.

COURT : Straight there, he did not just point? -- Dit is baie ruig daar, jy kan nie net beduie nie.

Het hy julle tot by die punt gebring? -- Dit is korrek.

Would you like your cross-examination also to stand in respect of this witness?

MR UNTERHALTER : As the Court pleases. It does not really(30) bear very much on it, but for what it is, may it stand, because

most of it I see is concerned with accused no. 1, but if it might be embodied.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

MATTHEWS MANGWANE, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Jy is 'n konstabel in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Hammanskraal? -- Dit is so.

Op 28 Desember 1981 was jy ook teenwoordig saam met mnr. Van Wyk toe julle gegaan het na die eiland daar by die rivier waar die basis gevind was? -- Dit is so. (10)

En was jy ook daar teenwoordig toe julle daar arriveer het by hierdie gat saam met Van Wyk? -- Ja.

Toe julle daar gekom het, wat het gebeur daar? Vertel vir die Hof. -- Ons het buitekant die gat 'n gasstoof gevind en naby die plek waar die gasstoof was, was daar 'n opening gewees, 'n gat. Van Wyk wou ingegaan het in die gat in. Net toe hy wou ingaan het 'n persoon van binne-in die gat gesê "Moenie inkom nie". Toe het daardie persoon gesê hy sal uitkom. Van Wyk het toe vir hom buitekant gewag terwyl hy uitgekom het. Toe kom die persoon uit en toe hy uitkom het mnr. Van Wyk vir hom gegryp. (20) Hy het hom vas teen die grond gedruk en toe sy hande aan mekaar geboei.

En toe? -- Na hy geboei is, het ek toe binne-in die gat gegaan en toe het ek sekere goedere wat in die gat was uitgehaal.

Nadat beskuldigde nr. 2 - dit is beskuldigde nr. 2 wat daar uit die gat gekom het? -- Dit was beskuldigde nr. 2.

Nadat hy geboei was, wat het van hom geword? -- Toe hy geboei is, is hy daar in die omgewing van die gat gebêre.

Het jy toe dadelik begin om die goed uit die gat te haal of was dit eers 'n rukkie later of wat? -- Na 'n rukkie het ek (30) toe ingegaan.

En toe beskuldigde nr. 1 daar gekom het wat gearresteer was deur Gololo, was jy besig om die goed uit te haal of was dit nog voordat jy die goed uitgehaal het? -- Toe beskuldigde nr. 1 aangebring is, het ek al die goed begin uithaal.

Het jy gesien toe hy daar gebring is? -- Ja, terwyl hy aangekom het met hom, het ek hom gesien.

Was hy toe ook daar geplaas? -- Dit is so.

Toe die veiligheidspolisie, kaptein Visser daar op die toneel aankom, het jy toe al klaar hierdie goed uitgehaal gehad het of het jy nog uitgehaal? -- Ek was nog besig gewees om (10) die goed uit te haal.

Het jy gesien wat gebeur nadat kaptein Visser daar gekom het, wat doen hy met beskuldigde nr. 2? Of hy hom daar wegge neem en met hom gepraat het of nie? -- Nee, ek het nie gesien nie, want toe was ek weer terug in die gat gewees.

Op enige stadium deur Van Wyk was die beskuldigde met die vuig geslaan? Of was daar enigiets aan hom gesê? -- Nee.

Daar word 'n bewering gemaak dat iemand vir hom sou gesê het hy sal sing. - Weet jy daarvan? Het jy dit gehoor? -- Nee.

CROSS-EXAMINATION BY MR UNTERHALTER : Have you discussed this(20) case since you last gave evidence in this court? -- No.

Was it suggested to you that you should amplify your description as to how accused no. 2 was arrested by Van Wyk? -- No.

You see, when you gave evidence last time at page 288, you do not say anything at all about the way in which Mr Van Wyk arrested accused no. 2 by slamming his face into the ground?

MNR. JACOBS : Ek wil darem net in billikheid teenoor hierdie getuie sê dat op daardie stadium was dit nie in geskil gewees dat hierdie plekke gevind was nie. As 'n mens kyk na sy (30) getuienis ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ja, ek weet wat u sê.

MNR. JACOBS : Ek het dit so gelei.

HOF : Dit is so. Dit is 'n kwessie van argument meer as iets anders, maar dit kan gestel word soos mnr. Unterhalter sê.

MNR. JACOBS : Nee, ek het nie beswaar daarteen nie. Ek sê net in billikheid teenoor die getuie moet hy dit aan hom stel ook dat hy was net gelei oor daardie aspek dat hy in die gat ingegaan het om die goed uit te haal.

MR UNTERHALTER : You had a full opportunity of observing the arrest of accused no. 2 by Mr Van Wyk? -- Yes. (10)

And was Mr Gololo nearby as well? -- Yes, Gololo was there.

He has given evidence and he also says he had a full opportunity and he gave no description at all about accused no. 2 having been handled in the way you have just said. -- I do not know. I cannot say what Gololo saw.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Geen vrae.

COURT : I just want to ask something. You know when Captain Visser arrived? -- Yes.

Did you see Captain Visser come there to the hole? -- I saw him when he was very near the base for the first time. (20)

Did you see him at the hole there assault accused no. 2? Captain Visser? -- No.

NO FURTHER QUESTIONS.

FREDERICK JACOBS PETRUS NEL, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U is 'n majoor in die Suid-Afrikaanse Polisie verbonde aan die veiligheidstak Kompol hier in Pretoria? -- Dit is korrek.

Op 28 Desember 1981 het u ook uitgegaan na die toneel te Hammanskraal? -- Dit is reg.

Hoe laat het u daar gearriveer? -- Ongeveer 16h00. (30)

Toe u nou daar aangekom het, wat het u daar aangetref? --

... / Met

Met my aankoms daar het ek 'n gat in die grond gevind. Ek het gesien dat daar baie klerasie en rommel om die gat was en langsaan het daar 'n Swart manlike persoon op sy maag gelê. Sy hande was vasgeboei of vas gewees.

Wie was dit? -- Dit was beskuldigde nr. 1 en terwyl ek nog daar was, het kaptein Visser en 'n ander Swart manlike persoon, beskuldigde nr. 2, daar aangekom by die toneel. Kaptein Visser het aan my 'n rapport gemaak, as gevolg waarvan ek ... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Kan u net sê het u vir Dos Santos daar gesien? -- Ek (10) het vir Dos Santos ook daar gesien. Hy is ook van ons kantoor.

Waar was hy gewees? -- Hy was voor my op die toneel gewees.

Maar toe u daar kom, kan u onthou? -- Ek kan nie sê presies waar hy was nie, maar ek het hom op die toneel gekry.

Kaptein Visser kom toe met beskuldigde nr. 2 daar aan en toe? -- Ek het gemerk dat beskuldigde nr. 2 se mond dik was en ek het eerste hulle genader. Kaptein Visser het aan my 'n rapport gemaak. As gevolg daarvan het ek toe ook beskuldigde nr. 2 genader en myself aan hom voorgestel en ek het hom ook daarna uitgevra. (20)

Wat het u vir hom gesê? -- Ek het vir hom gesê dat ek majoor Nel is van die veiligheidstak, dat ek in bevel van ondersoek is en dat ek merk dat sy lip dik is, wat is die rede daarvoor. Hy het toe aan my 'n verduideliking gegee.

Wat se verduideliking het hy aan u gegee? -- Hy het toe gesê dat sy mond seergekry het tydens arrestasie op die grond.

Kyk na BEWYSSTUK T. Is dit die kleredrag wat die beskuldigde aangehad het toe u daar gekom het? -- BEWYSSTUK T foto 21, daar staan die beskuldigde, 22, 23 en 26.

Is dit die klere wat hy aangehad het toe u daar op die(30) toneel gekom het en met hom die gesprek gevoer het? -- Dit is

... / korrek

korrek.

Op enige stadium het die beskuldigde enigiets van 'n hond gemeld? Ek weet nie wat die storie van die hond is nie, maar ek wil net graag weet? -- Daar was op geen stadium enige melding aan my gemaak van 'n hond nie. Ek het op 'n later stadium inligting ontvang daarvan.

